# OPSAAL!



No. 1

1995




## VAN DIE REDAKTEUR

Met die algemene jaarvergadering op 19 Januarie 1995 het ek weer besef en "gevoel" wat die stapklub en veral sy mense vir my beteken. Kathleen Keating sê in haar boek, Drukkies wanneer die lewe druk: "Aanraking is nie net lekker nie; dis lewensnoodsaaklik. Sonder drukkies kan mens doodgaan." 'n Drukkie (die Hollanders noem dit knuffel) laat jou goed voel; verdryf die eensaamheid; oorwin angs en vrese; bou jou selfbeeld en vertraag selfs die verouderingsproses. Drukkies gee ook strekoefeninge vir die kortes en maagoefeninge vir die langes. Dit maak goeie dae nóg beter en ondraaglike dae draagliker. Om dus na die lang Desembervakansie met soveel oorgawe gegroet en gedruk te word was vir my 'n "vitamien-inspuiting" aan die begin van die nuwe jaar.

Vanaf die laaste Opsaal-uitgawe het daar baie stappe en drukkies plaasgevind - die Grabouw uitdaagreeks; Oos-Kaap stap, Otterpad en korter naweekstappe. Lees gerus meer oor die gehap-stap-en-drukkery in hierdie uitgawe. En aan al die aanrakingsterapeute (of knuffelterapeute), onthou: àlle mense verdien 'n drukkie!

- ALÉTTE SMITH -



## CRADOCKKLOOFPAS

Landdros Van Kervel het onderneem om die pas binne twee maande te bou teen £450-0-0. Dit word vermoed dat 'n voetpad reeds bestaan het.

Die pad is in 1915 in gebruik geneem, is ongeveer 9 kilometer lank en die tog per ossewa, teen 'n kwart myl per uur, het drie dae geneem. Dertig osse het die wa teen die suidelike hang uitgesleep.

Die 86 tans bestaande klipstapels is tydens die Eeufees opgerig.

Die pad begin by die Malgasrivier en eindig by Noordstasie waar die ou hotel tans staan. Daar was destyds 'n winkel, uitspanning en 'n smidswinkel. Gedurende 1952 is oorweeg om die pad as 'n nasionale monument te verklaar.

Biskop Gray en sy vrou stap in 1856 oor die pas.

BRONNE: George Herald, Ensiklopedie van die Wêreld, en J. Burman, Cradockkloof.

GEORGE DAM: Gedurende 1953 is die wal na die tans bestaande 116 voet verhoog, inhoud 160 miljoen gelling.

- T. BOSHOFF -

**DIE GRIEKWA SE PSALM**

Sontyd is Hy jou hoed
op jou kop
innie nag hou Hy
gevaarlikheid dop

Hy's mos nou da om
jou op te pas
Jou siel hou Hy tissen
jou ribbes vas

Gan jy nou in of gan
jy nou yt:
Hy's oor jou vi ewig
en vi altyd

- SKRYWER ONBEKEND -

## GEHEIM VAN DIE BERGMENSE

Selfs in die nuwe Suid-Afrika sal dit my seker verskoon word as ek die grappie vertel van die sendeling wat daar diep in die berge aan sy gehoor van die skepping vertel het. Daar was duidelik ongeloof en een van die ou en wyse manne vra hom toe: "Hoekom het Die Grote nie op die sewende dag hom bietjie gelyker gemaak en op die agste dag gerus?"

Die wetenskaplikes stem saam dat die aarde veel platter gemaak is met net effense leegtes waar die vars en soutwater versamel het. Op 'n dag het 'n reuse brokstuk egter die kors gebreek en die brokstukke wring nog steeds teen mekaar en onder mekaar in en druk geleidelik berge op.

Baie ander dinge het sedertdien gebeur wat die stappers se berge en klowe gevorm het. Die belangrikste aspek van die berge bly egter dat die meeste mense hulle vermy. Hulle is maar seker nasate van die boorlinge van die agste dag. Hulle ken net die stowwerige vlaktes waar hulle hul hele lewe heen en weer jaag. Dis nie soseer die moeite wat hulle vermy nie, want om te jaag is ook moeite. Hulle soek net Shangri-La in die stof en hulle vind dit nie daar nie.

Sien dis nou die geheim van die bergmense. Geduldig pak hulle die vermoeiende tog aan oor nekke en rue, deur die klowe na die gesogte plek wat altyd net anderkant die horison lê. Vergeet van die spoedbesete vlaktelopers wat selfs in die berge nie briek kan of wil aandraai nie. Uitputtende geduld is die wagwoord.

Vergeet veral van die wat betyds terug wil wees vir die uitsending van die rugbywedstyd. Dink net waar Suid-Afrika sou gewees het as Simon van der Stel betyds terug op Nuweland wou wees. Piketberg en die renosters en Springbok sou nooit daar gewees het nie!

Dis net die geheim van die berge. Geleidelik besef jy dat al die geduldige moeite wat jou daar diep in die berge gebring het, ook gemoedsrus gebring het en Shangri-La lê in daardie gemoedsrus diep in die berge binne-in jou.

- LOUIS AUCAMP -



## BOLAND 90

Hierdie veeleisende stap is nie hoofsaaklik op spoed gebaseer nie, alhoewel dit 'n vereisde is dat dit binne 24 ure afgelê word.. Dit verg egter 'n hoë mate van fiksheid, daar hoogtes van ongeveer 900 meter tydens die skofte geklim moet word. Die minimum gewig van die rugsak, wat 1 liter water insluit, is 12 kilogram en die rugsakke word onmiddellik voor die wegspring, elke dag, geweeg.

Die Natuur speel ook in die Boland-berge 'n groot rol, daar dit die eendag vriesend koud kan wees en 'n paar dae later bloedig warm. Die fikse stapper kan hierdie wisseling van weer makliker verwerk.

Die span kan slegs 5 punte per skof verdien deur dit binne 'n bepaalde tyd af te lê en 7 punte vir kennis van die veld, leierskap, eerstehulp ens, d.w.s. dat 'n span 'n baie goeie posisie kan behaal sonder om enige skof te wen.

Die Boland 90 bevorder dus nie alleen die Stapper se fiksheid nie, maar verbreed ook sy algemene kennis van hierdie sport. Vier van ons klublede, nl. Rufane, Nelis, Leon en Hennie het besluit om vir die kompetisie onder "Berg-en-Dal Meesters" in te skryf. Die span oefen drie keer per week, maar ongelukkig word Rufane siek, wat sy oefenprogram met twee weke terug sit. Hy was ernstig siek van 'n griepaandoening en kon nie weer topfiks word voor aanvang van die kompetisie nie.

Die aand van 5 Oktober '94, meld ons span aan te Grabouw, wat 'n gefladder in die duiwehok veroorsaak, daar die program nie voorsiening maak vir "Meesters" nie. Die span word nou by die gemengde, d.w.s. van 2 mans en 2 vroue ingeskryf. Gelukkig bepaal hulle nie wie mans of vroue sal wees nie.

Die aand word ons spesiaal verwelkom en voorgestel. Ons kompetisie nommers, 65 tot 68 weerspieël feitlik ons ouderdomme.

Die oggend van die 6de Oktober 1994, na 'n fotosessie spring ons saam met die gemengdes weg, op die eerste skof van 21 km. na Landdroskop. Na ongeveer 5 km kry ons 'n opdrag om op bepaalde kompaslesings te stap, wat later probleme skep. Nadat ons dit uitsorteer het moet ons 'n kaart voltooi van die roete reeds deur ons gestap. Ons behaal hier slegs 42 %. Slegs 2 spanne uit die 24 het die roete korrek op die afdruk voltooi. Alhoewel dit nog vroeg is, is dit alreeds baie warm. Vanaf die "toets-terrein" word daar nou kwaai geklim na Stokoespas. Nelis begin probleme ondervind met die hitte, wat ons sleg vertraag. Op ons aankoms te Landdroskop is hy totaal uitgeput. Ons rugsakke word hier nagegaan met 'n voorraadlys, wat deur die beamptes opgestel is, asook ons eerstehulpuitrusting. Behalwe vir 'n doringtangetjie waaroor ons nie beskik nie, slaag ons hierdie toets maklik. Hier onttrek 'n groot aantal stappers, asook Nelis. Na 'n uur val ons drie in die pad en sit 'n warm pas aan, daar dit nou net afdraand na Nuweberg is. Halfpad die berg af moet ons 'n medestapper

weens verkluim behandel, onder toesig van Gerald McCann. Dit is nog redelik warm, maar nieteenstaande die hitte word Leon, ons pasient, neergelê en met 'n slaapsak en blikkombers toegemaak. Hy kry 'n wolmus op die kop, word warm handskoene aangetrek en Rufane kruip langs hom in om hom verder met liggaamshitte te verwarm. Ons pasient het alles verdra, maar het ernstig beswaar gemaak teen die welriekenheid van Rufane, daar ons almal toe redelik "sterk" ruik, en kla dat hy te warm kry tot groot vermaak van almal. Hierdie toets slaag ons met 70 % en is binne die bepaalde tyd te Nuweberg. Van die oorspronklike 24 spanne is nog slegs ongeveer die helfte volledig. Die onvolledige spanne word egter toegelaat om verder aan die kompetisie deel te neem, maar kwalifiseer nie vir pryse nie.

Die volgende oggend stap die drie van ons 'n warm pas na Boesmanskloof. Halfpad moet ons weer 'n medelid weens "slangbyt" behandel. Hierdie keer is Rufane die pasiënt. Ons slaag hierdie toets met 84 %. Ons stap hierdie skof binne die bepaalde tyd af en behaal goeie punte. Die hitte neem vinnig toe en die organiseerders besluit dat die eerste spanne eers vanaf 13:30 sal wegspring. Ons spring 14de weg en het 'n taak ontvang om fynbos en bergseders te identifiseer en op die kaart te plaas. Dit was 'n fiasko en ons kry slegs 1½ uit 7 maar was nie laaste op die lys nie. Alles gaan goed totdat ons die zig-zags van Seertand bereik. Rufane sweet dat die water van hom aftap. Die leidende vrouespan se een dame is totaal uitgeput van die hitte. Ons gooi water oor haar en trek haar 'n end teen die berg op en Hennie leen sy kierie aan haar. Ons het 17 km voor ons en moet oor Pofaddernek gaan, 'n klim van 500 meter. Verskeie lede draai terug na Boesmanskloof, weens die hitte. Dit is duidelik dat die griep Rufane nou inhaal en ons vorder stadig. Na Pofaddernek daal ons vinnig na die rivier, waar ons verskeie ledë teenkom, wat afkoel. Ons maak vinnig tee en na 25 minute val ons weer in die pad. Ons arriveer sterk donker te Nuweberg. Hierdie skof het ons 5½ ure geneem om af te lê en ons verdien geen punte vir die stap nie, maar is nie alleen nie. Na 'n lekker stort en 'n goeie ete, wat deur die organiseerders aangebied word, gaan dit weer klopdisselboom.

Die derde dag is ons weer op die wegspringstreep en word van alle hoeke gefotografeer. Party spanne het nog slegs een lid in die kompetisie. Ons spring saam met verskeie spanne eerste weg. Aangesien ons nie meer as span deelneem nie dring Rufane en Leon daarop aan dat Hennie aanstap. Hier ontvang ons weer 'n toets oor fynbos en halfpad verder 'n tweede toets. Hennie voltooi hierdie skof ongeveer 20 minute voor die volgende stapper van hulle groep. Ons span voltooi hierdie skof in goeie tyd. Die namiddagskof is weer 'n paar honderd meter se klim oor Rooiberg. Die laaste toets bestaan daaruit dat indringerplante geïdentifiseer en monsters daarvan geneem word, asook die identifikasie van 'n paar inheemse bome, waarin ons redelik vaar. Dit is weer ontsettend warm teen Rooiberg maar ons voltooi die skof in goeie tyd.

Die namiddag tydens die prysuitdeling ontvang die Berg-en-Dal



span 'n staande ovasie van die ander deelnemers. Ons het 13de geëindig uit 24 spanne en indien ons veldkennis beter was, sou ons baie beter gedoen het.

Indien hierdie kompetisie weer aangebied word moet ons weer spanne inskryf want dit is baie leersaam en die samesyn met ander spanne is verrykend.

- HENNIE MOUTON -

BEVRYDENDE ONTVLUGTING

Op die Swartberg by die "Ou Tol"
het ons voetslaangroep oornag
Hier hou net sterre en 'n volmaan
deurnag oor ons wag
Vroegaand reeds raak die braaivleis-
vuur se vlam en gloed geblus
En sluip vaak stappers skelmpies weg
na 'n plekkie waar hul knus kan rus
Buite pols die nag se hart en suiwer
spoel die koel berglug
Waarop my liggaam moeg van beur
na die daeraad in 'n droomslaap vlug
Om dan verkwik teen douvoordag
nog voor die veld ontwaak
Reeds op te wees om vir vandag
se staptog klaar te maak
Want toe die son se eerste straal
die oosterkim se kranse prik
Volg stappers swygsaam in 'n ry me-
kaar reeds deur die pas se mik.

- HENNIE BOOYSEN -

## DIE VERLORE SEUNS

Op die 15de Oktober 1994 vertrek Annie, Austen, Rufane, Aris en Hennie vol entoesiasme na Elliot om die berge daar plat te stap. Hennie het 'n bietjie van 'n verkoue maar nieteenstaande goeie raad besluit hy dat 'n verkouetjie niks is om hom oor te bekommer nie.

Hulle is vroegdag te Elliot, 'n pragtige dorpie met wonderlike mense. Hulle oornag te Möreson, 'n ou verwaarloosde plaashuis, wat egter mooi skoon is. Reëlings is getref met 'n plaaslike inwoner om ons voertuig na Mountain-shadow Hotel, bo-op Barkleypas te neem.

Die oggend van die 16de Oktober 1994, val ons vroeg in die pad, daar ons ongeveer 1 000 meter moet klim vanaf 'n hoogte van 1 475 meter.

Dit is 'n pragtige omgewing met groen bergspitse sover die oog kan sien. Hierdie is 'n wildernis stap en slegs die rigting waarin daar gestap moet word, word aangedui deur wit pyle en sampioene, wat op rotse en penne geverf is. Hierdie rigtingwysers lei die stapper reguit oor berg en dal.

Ongeveer 12:00 is ons bo-op Whimperhill, 2 299 meter hoog. Vanaf hier het die stapper 'n pragtige uitsig oor die berge en dale. Hiervandaan daal die stapper vinnig na die oornaghut, 'n ou waenhuis, langs die mooi ou klipopstal, wat tans onbewoon is. Om 13:20 is ons by die oornaghut, waar ons die boer, mnr Jan Pretoruis aantref. Hulle is besig om te skeer. Die namiddag word die skeerhok besoek om die tyd te verwyl.

Die aand vind Hennie dat sy polsslag nie wil daal nie, vermoedelik van die verkoue. Die volgende oggend is sy polsslag nog steeds te hoog en hy besluit om nie die volgende skof te stap nie. Reëlings word met die ander drie getref waar hulle Annie en Hennie sal ontmoet, daar hulle saam met Mnr Pretoruis na die Mountain-shadow Hotel sal ry, waar die Kombi geparkeer is. Gelukkig moet Mnr Pretoruis 'n onderdeel vir die skeermasjien gaan koop en bied hulle toe 'n geleentheid aan.

Om 9:00 is Annie en Hennie reeds te Waterkloofhut, 'n mooi houthut, wat goed toegerus is. Die drie word tussen 11:00 en 12:00 verwag, daar dit volgens die kaart 'n maklike roete is.

Om 15:00 is die twee baie onrustig want die drie daag nie op nie. Om 15:30 ry die twee na Elliot om by die polisie te verneem of daar nie nuus is nie - dié dra egter geen kennis nie. Die Mountain-shadow Hotel word geskakel, sou die drie besluit het om die hut oor te slaan - geen sukses. Om 19:00 word die hotel weer geskakel - alles negatief. Nou is ons baie onrustig; iets moes verkeerd geloop het. Die duiwel het ook vele verduidelikings. Om 20:45 hou 'n bakkie voor die hut stil en Rufane spring uit. Hennie is so bly soos 'n pa wat sy wegloperdogter opspoor en weet nie of hy Rufane moet soen of klap nie. Hy stel Hennie gerus dat



aldrie wel is en verskaf 'n lang verduideliking. Mnr Manus Bekker, op wie se plaas die verlore seuns is, nooi ons om saam te gaan en dié aand daar te slaap, waarvoor ons nie kans sien nie. Die volgende oggend kom die drie verlorenes in geselskap van die mooie Mev Siebrits by die hut aan. Hulle is netjies en na liggaam en kleed blink gewas. Na 'n lang verduideliking blyk dit toe dat verskeie van die rigtingpenne deur beeste omgetrap en geskuur is en hulle toe op 'n witbord, teen 'n draad afgestap het, wat hulle verder van die roete geneem het. Na 'n lang gesoek het hulle die berg afgestap, rigting Elliot, wat hulle sterk skemer bereik het, om niemand tuis te vind nie. Terwyl op pad na Elliot, kom 'n bakkie van vooraf, wat eers by hulle verby ry daar hulle gietswart is na die stap deur afgebrande bosse. Dit blyk of die bestuurder onseker is van hulle "nasionaliteit" en ry eers verby en stop baie onseker en stoot terug. Beide man en vrou spring uit en die volgende gesprek vind plaas: "Ooms, waarheen gaan julle?" Rufane: "Na Elliot." Motoris: "Ek is Manus Bekker en dit is my vrou Moekie - waarvandaan kom julle?" Rufane verduidelik. Die Bekkers kry hulle so jammer toe hulle die vuil gesigte en klere sien, dat hulle hulle terstonds oplaai, huistoe neem en soos "verlore seuns" ontvang. Terwyl hulle eet spoor Manus ons op. Die aand nadat hulle geëet en gewas het word hulle klere gewas en droog gemaak.

Na 'n stewige ontbyt die oggend van die 18de Oktober 1994, word die drie deur Mev Sibrits (sy en haar man beheer die staproete) opgelaai en na Waterkloof gebring. Sy werk gou 'n roete vir hulle na Valies se grot uit, wat deur almal behalwe Rufane en Hennie gestap word.

Die namiddag besoek Hennie die geneesheer te Elliot, daar sy polsslag op en af beweeg soos 'n klimtol, wat aanbeveel dat hy nie verder stap nie.

Die aand word die hele groep genooi om by die Bekkers te eet. Na 'n lang bespreking word daar besluit om na George terug te keer met die versekering dat indien alles goed gaan ons in 1995 hierdie berge gaan plat stap.

**- HENNIE MOUTON -**



# STAP IN DIE OOS-KAAP

Om 7:00 op 24 Februarie 1995 vertrek die vyf ringkoppe nl Annie, Hennie, Austen, Rufane en Sarie na Aliwal-Noord. Ons ry met die ou vosdonkie wat fluks draf.

Anderkant Lootsberpas span ons 'n rukkie onder skadubome uit, omdat die Karoo baie warm is en ons middagete geniet. Gelukkig steek die weer op en ons arriveer vroeg na middag te Aliwal-Noord, waar ons by Buffelsbron in die reën uitspan. Hier word ons in 'n gerieflike Chalet met sewe beddens gehuisves.

Die oggend van 25 Februarie 1995 is ons vroeg op pad na Rhodes. Ons doen aan te Lady Grey, 'n pragtige dorpie tussen die berge. Hier is 'n waternood in die swart woonbuurt, daar die inwoners water by die dorpsbewoners kan vra en kanne water die dorp uitdra. Ons vertoef nie lank nie, daar die weer warm word en ons nog deur die berge via Barkley-Oos na Rhodes moet gaan. Die omgewing is pragtig na Barkley- Oos, waar ons afdraai. Die pad kronkel vanaf hier deur klowe en oor berge en verleen dit nie vir spoed nie. Net na 12:00 arriveer ons te Rhodes, 'n pragtige ou dorpie tussen die berge, waar ons deur Gideon van Zyl verwelkom word. Die namiddag stap ons deur die geskiedkundige dorpie en besoek die Ou Hotel. Annie en Sarie besoek ook die ou sandsteen skooltjie, wat nou in 'n gesellige gastehuis omskep is. Ons word hier in die gerieflike kerksaal, Exodus, gehuisves.

Die meeste huisies is pragtig gerestoureer en na vertelling behoort dit hoofsaaklik aan Johannesburgers. Iemand het die wysheid kwyt geraak, dat Rhodes nou 'n "voorstad" van Johannesburg is. Die oggend om 6:20 van die 26ste is ons oppad. Die voetslaanpad begin vanaf Exodus, op 'n hoogte van 1 800 meter. Die eerste 4 km word met die pad langs die Bellrivier opgestap totdat dit regs swaai teen die kloof op, wat 'n mooi uitsig oor Rhodes en die Vallei, wat met lusernland bedek is, gee. Hier is geen uitgelegde voetslaanpad nie. Die stapper bepaal sy eie roete, van een aanwysing na die ander. Die roete neem ons verby die "ses susters". Ses populierbome, wat uit een gemeenskaplike voetstuk - stomp, oor 'n breedte van 10 meter groei.

Om 13:00 is ons te Mavisbank 'n ou plaasopstal, wat toegerus is met 'n gasstofie, goeie slaapbanke en drie gaslampe. Ons enigste probleem hier is water, wat ons ongeveer 100 meter, rivier op, moet gaan skep, daar dit baie swak vloei. Ons kook dit ook om te drink.

Om 5:40 op die 27ste Februarie 19 , is ons op pad, daar ons Ben Macdhui, die hoogste piek in die Kaapprovinsie wil gaan klim. Ons begin op 'n hoogte van 2000 m te stap teen die Klappershoekspruit op. Ons klim geleidelik tot waar ons regs swaai na die Lesotho grens waar die ernstige klim begin tot op die gruispad. Alles gaan goed en ons is reeds om 10:00 te Lesotho View waar die voetslaanpad wegswaai. Ons sit ons sakke aan die voet van Ben Macdhui neer en begin ons aanslag op die piek. Om 12:50 is ons reeds op die piek. Ons water is min, daar



**dit buiten gewoon warm is. Om 13:50 is ons terug by ons sakke en besluit dat ons by die Klopperhoekspruit sal eet. Ongeveer 500 meter verder vind ons 'n kolk water wat uit die kloof syfer. Daar word tee gemaak om te vind dat die tee na veemis en urine smaak. Daar word vinnig opgepak om water 'n verdere 500m by die spruit te kry. Die water in die spruit syfer slegs en 'n vis lê daarin dood. Verder stroom-op word goeie water gevind. Vanaf die rivier moet daar weer 200 meter geklim word na die piek, voordat daar na "Hooggenoeg" op 2 525 meter gedaal word. die aand om 17:10 is almal te Hooggenoeghut. Hierdie is 'n pragtige hut, met water in die hut. Nadat almal gewas het, voel hulle weer fiks.**

**Om 6:20 die volgende oggend is ons weer op pad. Hierdie is 'n pragtige roete totdat 'n persoon die laaste 7 kilometer per pad na Rhodes moet stap. In die pad vind ons 'n skaapsteker slangetjie. Om 10:30 is almal te Rhodes.**

**Daar word nou gepak en sakke reggekry, daar ons nog na Woodcliff moet ry en 'n paar kilometers moet stap.**

**Om 13:10 is ons op pad na Maclear via Elandshoogte. Die hoogste pas in die RSA. Die ou vosdonkie draf dapper die pas uit. Die pas is baie steil en toe ons stilhou sodat beeste uit die pad gedryf kan word en weer na 1ste-rat oorskakel, het die boutjies wat die rathefboom vashou uitgeskud. Gelukkig lê die boutjies in die bak los en word dit met die hand ingedraai en ons is oppad. Terwyl ek bestuur draai Rufane vas. Austen sê dat dit nou werklik "running repairs" is. Na 3 ure se harde ry oor 90 kilometers arriveer ons te Woodcliff, waar ons koffie deur die Sephtons aangebied word.**

**Ons arriveer te Toks se grot, in die reën na 17:15. Dit is 'n imponerende grot met 4 vertrekkies daarin, met water wat voor die bek nerstort. Die misvloere is die namiddag met mis gesmeer en is bra welriekend. Ons slaap die aand voor die hutte op skaapvelle.**

**Dit reën heelnag en die oggend van 1 Maart 1995 reën dit nog sterk. Dit reën heeldag en ons vermaak onsself om uno te speel.**

**2 Maart 1995**

**Die weer is nog vanoggend om 8:00 baie betrokke maar ons besluit om te stap. Austen se voete is seer en hy bly agter. Dit is 'n pragtige omgewing - watervalle sover die oog kan sien. Daar word hard geklim tot op 'n hoogte van ± 2 375 meter, vanwaar ons na Reed Park daal.**

**'n Vinnig vloeiende rivier moet egter gekruis word. Ek kruis eerste en vind dat die stroom baie sterk is. Die volgende is Annie, wat met hulp van 'n tou kruis. Sy het groot probleme en ek moet vinnig ingryp om te help. Die hut te Reed Park is 'n ou plaashuis, wat min aanbied.**

Die oggend van die 3de stap ons vroeg daar ons vandag 'n dubbele skof moet stap. Die veewagter op die plaas wys ons 'n plek waar ons veilig die rivier kan kruis. Vanaf die rivier is dit 'n harde klim na die plato, wat die moeite werd is, daar die uitsig net eenvoudig pragtig is. Nou word vinnig na Wide Valley gedaal met 'n ou onvoltooide pad tot in die kloof, waarvandaan daar maklik met 'n pad gestap word. Om 12:00 is ons te Wide Valley, waar 'n werknemer van die Sephtons ons te pad ontmoet om ons oor die rivier te help.

Om 13:00 is ons weer oppad en die gids lei ons oor die sterk vloeiende rivier. Met groot gesukkel het ek my stewels droog gehou om naby die huis in 'n moeras weens hewige reëns in te stap.

Om 16:00 is ons op pad na Elliot, waar ons na 17:00 aankom.

4 Maart 1995

Na reëlings met die Van Zyls ry ons tot by Wilmore met ons voertuig en stap met 'n ligte pak vandaar na Waterkloof.

Dit is baie warm, maar die uitsig vanaf Killerhill maak daarvoor op. Waterkloof is 'n pragtige kloof met 'n uitsig na die Elliot wagters - rotse. Die kloof is steil en 'n mens moet jou lyf boerbok hou om op die smal lyste te stap. Ons is vroeg namiddag by die hut, waar ons ontspan.

5 Maart 1995

Dit is ons laaste dag op hierdie stap. Daar word vandag vanaf Waterkloof na Mountain-shadow Hotel gestap. Vanaf die hut is dit 'n harde klim na die "Wagters" - Elliot guardians. Die stapper word egter beloon vir sy moeite. Die dag is weer baie warm en die hitte eis sy tol vanaf die Tsomorivier die kloof uit tot bo-op die plato. Ons is vroeg namiddag by die hotel, waar ons 'n heerlike stort neem en terug na George ry.

Die Oos-Kaap is pragtig maar vereis 'n hoë mate van fiksheid om dit te waardeer. Ons het ± 120 km gestap en ongeveer 3 800 meter geklim.

**- HENNIE MOUTON -**



## DIE OTTER : DIE KONINGIN VAN ALLE STAPPE!

Miskien het jy dit ook al ervaar. As jy vir 'n nie-stapper vertel dat jy stap, dan is hulle eerste vraag altyd of jy al die Otter gestap het?

Daar is egter baie ervare sakdraers wat nog nie die Otter gestap het nie. Eenvoudig omdat dit so moeilik is om plek te kry, mens so lank voor die tyd moet bespreek en natuurlik omdat daar so baie ander stappe is om te doen.

Erken nou maar, jy wat nog nie die Otter gestap het nie, jy voel so half minderwaardig en wat doen 'n mens as jy minderwaardig voel? Jy breek dit af wat jou laat minderwaardig voel. Dan hoor mens goed soos: Ag man die Otter is net 'n "gloriefied" ou stappie. Dit is 'n te kort ou stappie vir 'n ware stapper soos ek. Dit is so duur mens kan dit amper nie bekostig nie ens. ens.

Twaalf van ons Berg-en-Dallers: Faan en Christine Lombaard, Rufane en Rufane Jnr van Rensburg, Carlien en Allen Smuts, Austen Williams, Herman van Zyl, Lenie de Haan, Alétte Smith en Hilda Ouwenkamp en ek het die voorreg gehad om einde Maart die Koningin van alle stappe te stap. Dit was my eie tweede maal, maar ek glo werklik nie my laaste maal nie. Alhoewel verskillende menings bestaan, glo ek dat die Otter die stap van alle stappe is!

Ons groepie het dit ook reg gestap. Rufane en Rufane Jnr het die afstand in vier in plaas van vyf dae afgelê. Ons ander het dit baie meer rustig aangepak. Ons het proe-proe gestap, soos 'n mens die Otter moet stap. Die eerste dag het heelwat "bolders" waaroor 'n mens moet gaan en 'n mens kan maklik val. Die weer was dreigend en ons het nêrens te lank vertoef nie. Die hutte is almal perfek geplaas en die badgeriewe is die beste wat die natuur kan bied.

Na die eerste dag het ons werklik proe-proe gestap. Dit is natuurlik getrou aan ons bynaam "Die hap-en-stap-en-drukkie-klub!" Soms het ons na slegs een uur se stap gestop vir tee en dan by die mooiste poel of baai of uitsig!


Die natuurskoon en ervarings op die Otter is van die mooiste ter wêreld - die see, die loeries, die sonsondergange (natuurlik met "sundowners" in die hand) en dan die absolute wonder - ons het 'n otter gesien! Baie min stappers ervaar ooit die voorreg. Al die geluide, die voëls, die see en die wind deur die bosse, al die geure, die seemis, die verskillende plante en almal se kos as die aandete berei word.


Die Otter soos seker baie ander stappe is iets soos die Comradesmaraton. Mens ervaar 'n "companionship" en kameraderie wat net ontwikkel as 'n "obstacle" soos die Bloukransrivier aangedurf moet word. Dit wat 'n mens leer van jou mede-stappers is van onskatbare waarde vir jou lewenspad. En toe is die Bloukrans natuurlik 'n klein ou stroompie wat amper droogvoets

oorgesteek kan word. By Oakhurst het ons geen water gehad nie en moes mede-stappers ongeveer 'n kilometer ver stap en dit na die dag se harde stap om vars water te gaan haal vir die groep.

Al hierdie dinge maak ons groepie se herhinneringe so soet soos heuning. Mens kan werklik trots wees as jy kan sê: Ek het al die Otter gestap en dit saam met Berg-en Dal!

- SALOME VAN WYK -





Illustrasie: FRED MOUTON